3 Augustus 2008

Gen 11:1- 9 IS JOU BOUPLAN GOEDGEKEUR?

VOORAF

Die verhaal van die toring van Babel is die laaste van die sg **oer- of prehistoriese verhal**e en vorm die **oorgang** na die historiese verhale. Die eintlike verhale van Genesis begin by Abram. Gen 1-11 is eintlik 'n **proloog** tot die hele Bybel. Die **boodskap** van Gen 1-11 is belangriker as die vraag of alles presies gebeur het soos wat dit daar geskrywe staan. Hierdie hoofstukke **wil vir ons sê**: So, soos Adam en Eva en Kain en Nimrod en die mense van die sondvloedtyd en die mense van die toringstad van Babel, lyk ALLE mense. Maar God is ook soos Hy daar geteken word: altyd bereid om weer te vergewe en altyd bereid om weer die mense op te soek en met hulle 'n ooreenkoms aan te gaan. (Uit: Kom ons doen Bybelstudie deur Jasper Burden en Ferdinand Deist)

SKRIFLESING: GEN 11:1-9

'N GROOTSE BOUPROJEK

Die mense in die vlakte van Sinar het groot inisiatief en ondernemingsgees openbaar. Hulle eksperimenteer met nuwe soorte boumateriaal (stene ipv klip en asfalt ipv klei) en begin bou aan 'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel moes reik. Nogal ambisieus, nie waar nie!

Hulle visie en missie was om vir hulle 'n **naam** te maak en om te voorkom dat hulle oor die hele aarde versprei.

DIE BOU-INSPEKTEUR IS NIE BEÏNDRUK NIE

Ons lees dan in vers 5 dat God "afgekom" het om te kyk na die stad en die toring wat die mense vir hulle gebou het. Hy tree op as "Bou-inspekteur". Hy kom af om te sien wat die mense doen. Dit beteken nie dat Hy nie weet wat op aarde aangaan nie. Nee, hier word eintlik **fyn gespot** met die mense se werk. Hulle magtigste pogings is eintlik nog so **nietig** dat God eintlik moet afkom om dit mooi te kan sien!

En Hy is glad nie beindruk met wat Hy sien nie. Hy keur glad nie die bouery goed nie.

Hoekom dan nie?

DAAR WAS FOUT MET DIE BOUPLAN

Want hulle was besig om **teen** Sy opdrag in Gen 1 te handel toe Hy vir die mens gesê het: *"...wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde..."* (: 28).

Destyds het konings **beelde van hulleself** regoor die gebiede wat hulle verower het, opgerig. Dit het dan die betrokke koning se **teenwoordigheid** en **heerskappy** simboliseer. Vandag is dit meer algemeen om die leier van 'n land se **portret** teen mure te sien hang of sy kop word op 'n geldnoot of muntstuk afgebeeld. Wanneer die onderdane die beelde **gesien** het, het dit hulle **herinner** aan wie hul heerser is en dat hulle sy wette moes gehoorsaam. Die koning se heerskappy het so ver **gestrek** as wat hierdie beelde sigbaar was.
**God se plan** was nie om beelde van Hom te laat oprig nie. Hy het dit trouens verbied. Sy plan was dat die mens oor die aarde moes versprei om sodoende orals **lewende beelde** van die Lewende God te wees. Maar wat **nou gebeur** het, was dat die mens wat veronderstel was om oral oor die aarde te versprei en self beelddaers van God te wees, verkies het om op een plek te bly en daar vir hulle 'n stad te bou. Hulle was meer daarop ingestel om hul **eie belange** te bevorder as God s'n. Hulle wou met die oprigting van die toring vir hulleself **'n naam** maak. Hulle wou maw beroemd wees, ander se bewondering afdwing, deur die nageslagte onthou word vir hulle prestasies. **Hulle beeld** was vir hulle belangriker as God se beeld.
Hulle het nie eers hulle **bouplanne** deur God laat goedkeur nie, maar sommer op eie inisiatief gehandel! Dit is altyd 'n groot fout. Ons moet altyd eers ons "bouplanne" laat goedkeur voordat ons begin bou. Want kyk wat het hier gebeur:

GOD GRYP IN
God gryp toe in – geweldloos en pynloos, maar baie effektief: Hy verwar hulle taal. Toe kan hulle skielik mekaar nie meer verstaan nie! Daar ontstaan "'n Babelse verwarring". En wat gebeur gewoonlik waar daar nie goeie kommunikasie is nie? Alles kom tot stilstand en daar kom verwydering. Die mense spat uitmekaar die wêreld oor. So word God se oorspronklike doel dus toe tog verwesenlik.

ONS EN DIE GROOT OPDRAG
Voordat die HJ opgevaar het, het Hy ons agter gelaat met die **Groot Opdrag**: Gaan verkondig die evangelie aan al die nasies: in Jerusalem, Judea, Samaria en die uithoeke van die aarde (Matt 28; Hand 1). Ons mense het soms baie ander planne hoedat hulle hul talente, tyd en geld wil aanwend, maar dit was en is nog steeds God se plan: Sy Naam en sy beeld moet wêreldwyd bekend word en vereer word.
Soms het daar **vervolging** onder die christene wat God se plan ignoreer het, losgebreek. Hulle moes vlug en so is hulle as't ware gedwing om gehoorsaam te wees en om nie mekaar op een plek te bly warm broei nie, maar die evangelie verder te dra.

Mense wat by die halfklaar toring van Babel **verbygeloop het**, het seker hulle koppe geskud en gesê: *"Ai, hoe jammer dat DIT nou moes gebeur! Dat hierdie ambisieuse projek toe nie voltooi is nie."* Maar was dit so 'n jammerte? Nie as ons met geloofsoë daarna kyk nie.
Baie dinge waaroor mense vandag hulle koppe skud en sê: *"Ai, watter jammerte!"* is dalk ook glad nie so 'n jammerte wanneer ons oor 'n paar jaar met geloofsoë daarna terugkyk nie: dat ons nie meer so baie kon **rondry** en meer tyd tuis moes deurbring, moes leer om krag en water **te bespaar**, moes leer dat om **'n werk** te hê nie so vanselfsprekend is nie, dat ons nie kan terugsit en verwag **die staat** moet die kerk se werk doen nie, moes leer om ons te kan **verantwoord** teenoor ander gelowe soos die Moslems bv nie.
Ek sê nie dit is hoekom dit gebeur nie, maar die moeilike omstandighede in SA en die gevolglike grootskaalse **emigrasie** na ander lande in die wêreld kan ook 'n manier wees om die evangelie na daardie omgewings te laat uitdra. Die toestroming van **vlugtelinge** na SA is dalk 'n geval van *"as Mohammed nie na die berg wil gaan nie, moet die berg maar na Mohammed toe kom"*.
Die feit dat ons deesdae gedwing word om ons **sente om te draai**, kan dalk 'n ingrype van God wees omdat te veel mense besig was om vir hulleself koninkryke op te bou ipdv om hulle vir Sy koninkryk te beywer. Te veel van ons was dalk meer ingestel daarop om vir onsself 'n naam te maak as om Sy Naam groot te maak.

VOORKOM BOUERSFRUSTRASIES
Die bouers aan die toring was seker **bitterlik gefrustreerd** omdat hulle nie hul werk kon klaarmaak en hul droom verwesenlik sien nie. Maar dit was nie God se droom vir hulle nie. Hulle het of nie **eers seker gemaak** daarvan voordat hulle begin bou het nie, of hulle het hulle nie aan God se droom dat hulle oor die aarde moes versprei, **gesteur nie**.
Dit verklaar dalk baie **frustrasies** waarmee ons soms sit omdat ons planne nie uitwerk nie. **'n Gemeente** wat bv net besig is om sy eie koninkrykie te bou en vir sy eie lidmate te sorg, moenie verbaas wees as hy baie dae gefrustreer word nie, want hulle handel teen God se droom en opdrag om die evangelie die wêreld in te dra. Dit is miskien waarom hierdie gemeente so **geseënd** is, omdat ons veral deur JAO probeer uitvoering gee aan Sy Groot Opdrag.
Hoewel ons tans sukkel om ons gemeente se bergroting te laat klop, sal dit verkeerd wees om ons beskikbare fondse net op onsself te spandeer. 'n Mens kan in jou **persoonlike lewe** ook te veel op jouself en jou gesin en jou belange ingestel wees, net fokus op jou eie koninkrykie en om vir jouself 'n naam te maak en vergeet dat ons eintlik daar is vir ander. Al knyp die ekonomie, durf ons nie nou net elkeen vir hom/haarself te begin

lewe nie. Juis nou moet ons mekaar se laste help dra en so God se beeld vertoon.

OPROEP
Kom ons help bou aan GOD se koninkryk en beywer ons vir die eer van SY Naam. Dan sal dit nie vir Hom nodig wees om ons planne te verydel om Sy plan deur te voer nie. SULKE BOUPLANNE sal sy goedkeuring wegdra.

Amen
3/8/2008